# Heidelbergse Kategismus

## Sondag: 41



Vraag 108: Wat leer die sewende gebod ons?

Antwoord: Alle onkuisheid is deur God vervloek, en daarom moet ons dit hartgrondig haat. Daarenteen moet ons kuis en ingetoë lewe sowel binne as buite die huwelik.

Vraag 109: Verbied G[illegible]hierdie gebod niks meer as net egbreuk en s[illegible]andes nie?

Antwoord: Omdat beid[illegible] liggaam en siel, 'n tempel van die Heilige G[illegible]s, wil God dat ons altwee rein en heilig bew[illegible]arom verbied hy alle onkuise dade, gebare, w[illegible] gedagtes, luste en alles wat 'n mens daartoe [illegible]lei.

# Heidelbergse Kategismus

## Sondag: 41



Vraag 108: Wat leer die sewende gebod ons?

Antwoord: Alle onkuisheid is deur God vervloek,

Levitikus 18:28: Jy mag nie met jou volksgenoot se vrou gemeenskap hê en deur haar onrein raak nie

Vraag 108: Wat leer die sewende gebod ons?



Antwoord: Alle onkuisheid is deur God vervloek, en daarom moet ons dit hartgrondig haat.

Maleagi 2:16: Want Hy haat egskeiding, het die HERE, die God van Israel, gesê. So iemand het hom met geweld omhul, het die HERE, Heerser oor alle magte, gesê. Bewaar daarom julle gees van eensgesindheid: Moenie ontrou wees nie, het die HERE, Heerser oor alle magte, gesê.



Vraag 108: Wat leer die sewende gebod ons?

Antwoord: Alle onkuisheid is deur God vervloek, en daarom moet ons dit hartgrondig haat. Daarenteen moet ons kuis en ingetoë lewe

1 Tessalonisense 4:3-5: Want dit is God se wil dat julle heilig moet leef: dat julle julle sal weerhou van onsedelikheid, dat elkeen sal weet hoe om sy eie vrou op 'n heilige en eerbare wyse te verkry, nie uit wellustige begeerte soos die heidene wat God nie ken nie,



Vraag 108: Wat leer die sewende gebod ons?

Antwoord: Alle onkuisheid is deur God vervloek, en daarom moet ons dit hartgrondig haat. Daarenteen moet ons kuis en ingetoë lewe sowel binne as buite die huwelik.

1 Korintiërs 7:7-11: Ek wens alle mense kon soos ek wees; maar elkeen het 'n eie gawe van God ontvang, die een dit, die ander iets anders. Vir die ongetroudes en die weduwees sê ek dat dit vir hulle goed is om ook soos ek te bly. Maar as hulle nie hulleself kan beheer nie, laat hulle trou, want dit is beter om te trou as om van begeerte te brand. Aan dié wat getroud is, gee ek die opdrag – nie ek nie, maar die Here – dat 'n vrou nie van haar man mag skei nie. As sy tog skei, laat sy ongetroud bly of haar met haar man versoen. 'n Man mag ook nie van sy vrou skei nie.

Hebreërs 13:4: Die huwelik moet in alle opsigte eerbaar gehou word, en die huweliksbed moet onbesoedeld wees, want God sal hoereerders en egbrekers oordeel.

Judas:23: Oor nog ander moet julle julle met eerbied ontferm, terwyl julle selfs die onderkleed verafsku wat deur die liggaam besoedel is.

Vraag 109: Verbied God in hierdie gebod niks meer as net egbreuk en sulke skandes nie?



Antwoord: Omdat beide, ons liggaam en siel, 'n tempel van die Heilige Gees is, wil God dat ons altwee rein en heilig bewaar. Daarom verbied hy alle onkuise dade, gebare, woorde,

1 Korintiërs 6:18-19: Vlug weg van onsedelikheid. Elke sonde wat 'n mens doen, is buite sy liggaam, maar iemand wat seksueel losbandig optree, sondig teen sy eie liggaam. Of weet julle nie dat julle liggaam, wat julle van God ontvang het, 'n tempel is van die Heilige Gees in julle, en dat julle nie aan julleself behoort nie?

Efesiërs 5:3-4: Maar, soos dit heiliges betaam, moet daar onder julle van onsedelikheid en allerlei onreinheid of gierigheid geen sprake wees nie, ook nie van skandelikhede en dwase of lawwe praatjies, wat alles onvanpas is nie, maar eerder van danksegging.

Vraag 109: Verbied God in hierdie gebod niks meer as net egbreuk en sulke skandes nie?



Antwoord: Omdat beide, ons liggaam en siel, 'n tempel van die Heilige Gees is, wil God dat ons altwee rein en heilig bewaar. Daarom verbied hy alle onkuise dade, gebare, woorde, gedagtes, luste

Deuteronomium 22:20-29: Maar as hierdie beskuldiging waar is, as maagdelikheid nie by die jong vrou gekry is nie, dan moet hulle haar uitbring na die ingang van haar vader se huis en die manne van die dorp moet haar met klippe doodgooi, sodat sy sterf, omdat sy 'n gruweldaad gepleeg het in Israel deur in haar vader se huis te hoereer. Jy moet die kwaad by jou uitroei. "As 'n man betrap word dat hy met 'n getroude vrou gemeenskap het, moet albei sterf: die man wat met die vrou gemeenskap gehad het en ook die vrou. Jy moet die kwaad in Israel uitroei. "As 'n jong vrou, 'n maagd, verloof is aan 'n man en iemand ontmoet haar in die dorp en het met haar gemeenskap, dan moet julle hulle al twee na daardie dorp se poort uitbring en hulle met klippe doodgooi, sodat hulle sterf – die jong vrou omdat sy nie in die dorp uitgeroep het nie en die man omdat hy die vrou van sy naaste verneder het. Jy moet die kwaad by jou uitroei. Maar as die man die jong vrou wat verloof is, in die veld kry en haar gryp en met haar gemeenskap het, moet die man wat met haar gemeenskap gehad het, alleen sterf. Aan die jong vrou mag jy nie iets doen nie. Sy het nie 'n sonde begaan wat die dood verdien nie, want in hierdie geval is dit dieselfde as wanneer 'n man sy naaste oorval en die persoon vermoor. Hy het haar immers in die veld gekry; die jong verloofde vrou het om hulp geroep, maar daar was niemand om haar te help nie. "As 'n man 'n jong vrou, 'n maagd wat nie verloof is nie, in die veld kry en haar vasgryp en met haar gemeenskap het, en hulle word betrap, moet die man wat met haar gemeenskap het, vir die jong vrou se vader vyftig silwerstukke gee. Sy moet dan sy vrou wees, omdat hy haar verneder het. Hy het nie die reg om van haar te skei nie, so lank as wat hy leef.

Matteus 5:27-28: "Julle het gehoor dat gesê is, 'Jy mag nie egbreuk pleeg nie.' Maar Ek sê vir julle, elkeen wat na 'n vrou kyk en haar begeer, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg.

Vraag 109: Verbied God in hierdie gebod niks meer as net egbreuk en sulke skandes nie?



Antwoord: Omdat beide, ons liggaam en siel, 'n tempel van die Heilige Gees is, wil God dat ons altwee rein en heilig bewaar. Daarom verbied hy alle onkuise dade, gebare, woorde, gedagtes, luste en alles wat 'n mens daartoe kan verlei.

1 Korintiërs 15:33: Laat julle nie mislei nie: “Slegte geselskap bederf goeie sedes.”

Efesiërs 5:18: En moenie deur wyn bedwelm raak nie; daardeur ontstaan losbandigheid. Inteendeel: Word vervul deur die Gees,

Vraag 108: Wat leer die sewende gebod ons?

Antwoord: Alle onkuisheid is deur God vervloek, en daarom moet ons dit hartgrondig haat. Daarenteen moet ons kuis en ingetoë lewe sowel binne as buite die huwelik.

Vraag 109: Verbied God in hierdie gebod niks meer as net egbreuk en sulke skandes nie?

Antwoord: Omdat beide, ons liggaam en siel, 'n tempel van die Heilige Gees is, wil God dat ons altwee rein en heilig bewaar. Daarom verbied hy alle onkuise dade, gebare, woorde, gedagtes, luste en alles wat 'n mens daartoe kan verlei.

## SONDAG: 41 - VRAAG EN ANTWOORD: 108

Vraag: Wat leer die sewende gebod ons?

Antwoord: Alle onkuisheid is deur God vervloek[1], en daarom moet ons dit hartgrondig haat[2]. Daarenteen moet ons kuis en ingetoë lewe[3] sowel binne as buite die huwelik[4].

1 Levitikus 18:28
2 Maleagi 2:16
3 1 Tessalonisense 4:3-5
4 1 Korintiërs 7:7-11; Hebreërs 13:4; Judas:23

## SONDAG: 41 - VRAAG EN ANTWOORD: 109

Vraag: Verbied God in hierdie gebod niks meer as net egbreuk en sulke skandes nie?

Antwoord: Omdat beide, ons liggaam en siel, 'n tempel van die Heilige Gees is, wil God dat ons altwee rein en heilig bewaar. Daarom verbied hy alle onkuise dade, gebare, woorde[1], gedagtes, luste[2] en alles wat 'n mens daartoe kan verlei[3].

1 1 Korintiërs 6:18-19; Efesiërs 5:3-4
2 Deuteronomium 22:20-29; Matteus 5:27-28
3 1 Korintiërs 15:33; Efesiërs 5:18